

## 5 Junie 1 Korintiërs 6:9-11

(Teks: 1 Korintiërs 6:11)

### ***Lewe heilig want jy is heilig***

As jy nie wakker is oor jou gedrag nie, verval jy geleidelik in gedragspatrone wat in skille kontras is met jou status.

Ek verduidelik aan die hand van wat Paulus in die Korintiese gemeente sien: Julle het julle laat afwas (doop), maar nou rol julle in die modder; julle is vrygespreek van veroordeling, en nou tree julle weer strafwaardig op; julle is geheilig, en tog leef julle nie heilig nie. Gewastes, vrygespreektes (geregverdigdes) en geheiligdes is julle status sedert julle tot Christus getrek is. Nou is 'n "skoon" lewe, 'n lewe in gehoorsaamheid aan die Here se wil, die enigste soort gedrag wat pas by wat julle in Christus is.

Die leefwyse wat by lidmate in die gemeente posgevat het, pas in die geselskap van onsedelikes, afgodsdienaars, diewe, dronkaards, en dergelike. Die spesifieke ding is dat hulle geskille met mekaar op die spits dryf. Heidense regters moet dan uitspraak gee. Dis al erg genoeg dat hulle oor (blykbaar) onbenullighede stry. Voeg daarby nog dat hulle dit nie eens in die lig van die evangelie kan besleg nie (6:1-8). Die koninkryk van God sluit sulke gedrag uit

Christus het jou regverdig verklaar (vrygespreek) en jou terselfdertyd vir Hom apart gesit (geheilig). In die krag van hierdie genade lê Christus die lewensreëls van Sy koninkryk voor jou. Jaag dit na. Jy is mos gewas en apartgesit vir Christus.

Sing Psalm 95:4

Ds. A J. du Plessis (Emeritus)